higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
### NKR-VLAK 2

(3011002)

**28 November 2019 (Y-Vraestel)**
**13:00–16:00**

**Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n antwoordboek van 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Toon AL die berekenings.
4. GEEN bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Gebruik die tabel hier onder om as riglyn te dien oor hoeveel tyd aan elke VRAAG moet spandeer word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | AANBEVOLE TYDSRIGLYN |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| 1 | Meerkeusevrae | 20 | 18 minute |
| 2 | Kort teoretiese vrae | 30 | 27 minute |
| 3 | Berekenings | 30 | 27 minute |
| **AFDELING B** | | | |
| 4 | Joernale | 40 | 36 minute |
| 5 | Oorboeking na algemene grootboek | 30 | 27 minute |
| 6 | Finale rekeninge en balansstaat | 30 | 27 minute |
| 7 | Invloed op rekeningkundige vergelyking | 20 | 18 minute |
| | **TOTAAL** | **200** | **3 uur** |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Bankstaat wat deur 'n organisasie ontvang word, kan as 'n ... dokument beskou word.

A interne
B duplikaat-
C eksterne
D bedryfs-

1.2 'n Voorbeeld van 'n kleinhandelonderneming is 'n onderneming wat …

A houtprodukte vervaardig.
B musiekvermaak aanbied.
C goedere of mense vervoer.
D geskenkkaartjies en skryfbehoeftes verkoop.

1.3 'n … is die brondokument wat gebruik word om transaksies in die kontantbetalingsjoernaal op te teken.

A Tjekteenblad
B Kasregisterrol
C Kwitansie
D Belasting

1.4 Die rente op 'n lening wat aan 'n onderneming verleen is, kan beskou word as 'n …

A bate.
B inkomste.
C las.
D uitgawe.

1.5 'n Bankoortrekking is 'n ... vir 'n onderneming.

A eienaarsbelang
B bate
C las
D inkomste

Kopiereg voorbehou 

1.6 Korting ontvang wanneer 'n onderneming voor die doeldatum betaling aanbied, word in die ... joernaal opgeteken.

A kontantbetalings-
B krediteure-
C algemene
D kontanontvangste-

1.7 By maandeinde moet die krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek ooreenstem met die ... om te rekonsilieer.

A krediteurejoernaal
B krediteurelys
C algemene joernaal
D proefbalans

1.8 Handelsvoorraad is kontant by ABC Traders gekoop. Die dubbelinskrywing is:

A Debiteer bank en krediteer handelsvoorraad
B Debiteer handelsvoorraad en krediteer ABC Traders
C Debiteer handelsvoorraad en krediteer bank
D Debiteer ABC Traders en krediteer handelsvoorraad

1.9 'n … is 'n voorbeeld van 'n interne dokument.

A Depositostrokie
B Joernaalbewys
C Oorspronklike belastingfaktuur
D Kasregisterstrokie

1.10 'n Korting van 10% is weggelaat op 'n brondokument, wat 'n totaal van R150 aandui. Die herberekende totaal moet … wees.

A R15
B R135
C R165
D R10

1.11 Die eerste drie stappe in die rekeningkundige siklus is:

A Brondokument voltooi; Joernaalinskrywing; Algemene Grootboek
B Transaksie; Joernaalinskrywing; Algemene Grootboek
C Brondokument voltooi; Algemene Grootboek; Proefbalans
D Transaksie; Brondokument voltooi; Joernaalinskrywings

Kopiereg voorbehou 

1.12 Rekeningkunde is die proses om …

A betaling te ontvang vir dienste gelewer.
B alle transaksies daagliks in 'n onderneming op te teken.
C rekord te hou van 'n onderneming se besittings.
D 'n wins in 'n onderneming te maak.

1.13 Wanneer posseëls vir R15 vir sakegebruik gekoop word, sal 'n ... waarskynlik vir die transaksie voltooi word.

A joernaalbewys
B tjek
C kasregisterrol
D kleinkasbewys

1.14 Rente word op 'n klant se oortrokke rekening gehef. Die ... - grootboekrekening sal gekrediteer word.

A rente-inkomste
B krediteurekontrole
C rente-uitgawe
D debieteurekontrole

1.15 Die … staan bekend as 'n boek van eerste inskrywing.

A algemene grootboek
B balansstaat
C kasboek
D proefbalans

1.16 … is 'n voorbeeld van 'n bedryfsbate.

A Handelskrediteure
B Los kontant
C Rente op 'n lening
D Onttrekkings

1.17 Slegte skuld verhaal is 'n voorbeeld van 'n ...

A bate.
B uitgawe.
C las.
D inkomste.

1.18 In 'n ondernemingstruktuur soos 'n maatskappy, word 'n raad van ... aangestel om die organisasie te bestuur.

A eienaars
B aandeelhouers
C direkteure
D lede

Kopiereg voorbehou 

1.19 'n Onderneming betaal huur aan 'n huiseienaar; dus is die dubbelinskrywing vir die transaksie:

A Debiteer huuruitgawe en krediteer bank
B Krediteer huurinkomste en debiteerbank
C Debiteer bank en krediteer huuruitgawe
D Debiteer bank en krediteer huurinkomste

1.20 Indien 25 stoele teen R150 elk gekoop en teen 'n prystoeslag van 25% verkoop is, sal die totale wins ... wees.

A R 37.50
B R3 750.00
C R 937.50
D R4 687.50

(20 × 1) **[20]**

## VRAAG 2

2.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | 'n Naamvereiste vir 'n privaat maatskappy | A | organisasie sonder winsoogmerk |
| 2.1.2 | 'n Vorm van eienaarskap wat tussen 1–10 eienaars het | B | alleeneienaar |
| 2.1.3 | Die eienaars van 'n maatskappy wat onder hierdie term bekend is | C | vennootskap |
| 2.1.4 | In hierdie tipe onderneming kom die inkomste uit fondsinsameling en lidmaatskapgelde | D | (Edms) Bpk |
| 2.1.5 | Die eienaars deel die winste en die verliese | E | kleinhandel |
| 2.1.6 | Die eienaar dra die risiko in die onderneming | F | aandeelhouers |
| | | G | Bpk |
| | | H | beslote korporasie |

(6 × 1) (6)

2.2 Kies EEN term vir elk van die volgende beskrywings uit die lys hier onder. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| oorspronklike; algemene joernaal; staat; duplikaat; krediteuregrootboek; ouderdomsontleding; debiteuregrootboek; krediteurejoernaal |

2.2.1 'n … word opgestel om 'n akkurate rekord te hou van alle kredietaankope en -betalings wat aan individuele verskaffers gemaak word.

2.2.2 'n Onderneming gebruik 'n ... om rekord te hou van bedrae uitstaande, volgens elke tydperk.

2.2.3 Aan die einde van 'n maand sal 'n onderneming 'n ... aan 'n klant stuur as 'n herinnering om bedrae verskuldig te vereffen.

2.2.4 'n Krediteur, Bench Press Bpk, is verkeerdelik gedebiteer. Benchman Bpk moes eintlik gedebiteer word. Hierdie fout word reggestel in die …

2.2.5 'n ... word opgestel om 'n akkurate rekord te hou van alle kredietverkope en -betalings wat deur individuele klante gemaak word.

2.2.6 'n ... faktuur word deur 'n onderneming ontvang as bewys dat goedere op krediet gekoop is.

(6 × 1) (6)

2.3 Bereken die wins indien 'n onderneming 'n item vir R3 475 koop en dit teen 'n prystoeslag van 50% op kosprys verkoop. (2)

2.4 Verduidelik elk van die volgende terme:

2.4.1 Debiteur

2.4.2 Krediteur

2.4.3 Debiteurekortings

(3 × 2) (6)

2.5 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.5.1 ('n Oorspronklike/'n Duplikaat) word gebruik om kredietverkope in 'n onderneming op te teken.

2.5.2 'n (Kredietnota/Debietnota) word gebruik om items wat deur klante op krediet gekoop is maar teruggestuur is, op te teken.

Kopiereg voorbehou 

2.5.3 Gekanselleerde korting aan 'n debiteur sal in die (algemene joernaal/kontantbetalingsjoernaal) opgeteken word.

2.5.4 Wanneer 'n debiteur 'n betaling doen, word die debiteure-grootboekrekening (gekrediteer/gedebiteer).

2.5.5 Die debiteuregrootboekrekening word (gekrediteer/gedebiteer) wanneer die debiteur items op krediet by die onderneming koop.

(5 × 1) (5)

2.6 Identifiseer die items in die lys hier onder wat die eienaarsbelang (ekwiteit) beïnvloed (verhoog of verlaag). Skryf slegs items neer wat op die eienaarsbelang betrekking het.

| |
|---|
| • Verlies |
| • Los kontant |
| • Onttrekkings |
| • Kleinkas |
| • Lening: Omega Bank (12%) |
| • Kapitaal |
| • Bank |
| • Lone |
| • Debiteurekontrole |
| • Huurinkomste |

(5)
**[30]**

## VRAAG 3

3.1 Gebruik die inligting in die lys hier onder om die vrae te beantwoord:

voorraad R25 000; addisionele kapitaal R50 000; meubels R90 000; bankoortrekking R12 400; verkope R351 000; krediteurekontrole R26 000; herstelwerk R12 000

3.1.1 Bereken die waarde van die bates.

3.1.2 Bereken die waarde van die laste.

(2 × 3) (6)

3.2 Die krediteuregrootboekrekening van Budget Boards is onvolledig, soos hier onder aangetoon word.

Bereken die syfers aangedui vir April 2018 ten einde te kan rekonsilieer:

| **BUDGET BOARDS** | | | | **C1** | |
|---|---|---|---|---|---|
| *DATUM* | *BESONDERHEDE* | *FOL.* | *DEBIET* | *KREDIET* | *SALDO* |
| April 1 | Saldo | a/b | | | R14 750 |
| 8 | Faktuur no. 59 | KJ | | R1 200 | **3.2.1** |
| 17 | Debietnota no. 12 | KKJ | R150 | | **3.2.2** |
| 26 | Bank | KKJ | R5 800 | | **3.2.3** |
| 30 | Korting ontvang | KKJ | **3.2.4** | | R9 550 |

(9)

3.3 Berei die ouderdomsontleding vir 'n debiteur, JK Varnish, voor deur die inligting hier onder te gebruik. Die huidige maand is Maart 2018.

| | |
|---|---|
| Saldo soos op 1 Maart 2018 | R8 900 |
| Saldo sluit in kredietverkope aan debiteur vir Februarie 2018 | R4 800 |
| Saldo sluit in kredietverkope aan debiteur vir January 2018 | R4 100 |
| Kredietverkope gemaak aan debiteur gedurende Maart 2018 | R2 200 |

(4)

3.4 Bereken die rente gehef op 'n debiteur, The Wooden Mouse Toy Shop, teen15% per jaar vir TWEE maande. Die agterstallige bedrag is R7 850. (4)

3.5 Jy is die junior rekeningkundige klerk by Wood Works Ltd. Gebruik die inligting wat verskaf word om die betalings ontvang te deponeer, deur die depositostrokie op 31 Mei 2018 te voltooi.

Rekeningnommer: 654 321 987
Munte: R850,60
Note: R2 680,00

TJEKS:

| | | |
|---|---|---|
| H Peter | Capibank | R3 730,00 |
| J Mane | Firstbank | R4 210,00 |

(7)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B

## VRAAG 4

Woodpecker Agents verkoop doelgemaakte houtmeubels aan kleinhandelaars. Die eienaar, O. Oak, gebruik die deurlopende voorraadstelsel. 'n Prystoeslag van 45% word op die kosprys bereken.

Gebruik die inligting en brondoklumente wat hier onder verskaf word om die besonderhede in die hulpjoernale vir 31 Mei 2018 in te skryf.

GEEN verduidelikings word vir die algemene joernaal benodig nie. Moet NIE die joernale afsluit nie.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Kontantontvangstejoernaal | (11) |
| 4.2 | Kontantbetalingsjoernaal | (10) |
| 4.3 | Debiteurejoernaal | (4) |
| 4.4 | Debiteurekortingsjoernaal | (2) |
| 4.5 | Krediteurejoernaal | (6) |
| 4.6 | Krediteurekortingsjoernaal | (2) |
| 4.7 | Algemene joernaal | (5) |

INTERNE KANTOORMEMO

**WOODPECKER AGENTS**



MEMO NO. 17

Datum: 28/05/2018

Aan: Rekenmeester Van O. Oak

'n Uitstaande salso van R645 deur M. Mahogany kan afgeskryf word. Dit is nie verhaalbaar nie.

DEPOSITOSTROKIES

| DATUM | BEDRAG |
|---|---|
| 13 Mei 2018 | R71 218 |
| 30 Mei 2018 | R13 696 |

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE



**PALLET CRAFT**

Datum: 4/5/18 Faktuurno. 067 Rekeningno. PP78

Aan: Woodpecker Agents
Adres: Old Oak 16, Industria, Forestwoods

| Hoeveelheid | Beskrywing | Prys per unit | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 15 | Koffietafels | R500 | R7 500 |
| 6 | Rakeenhede - kantoorgebruik | R250 | R1 500 |
| 8 | Dubbelbedstelle - dennehout | R1 000 | R8 000 |
| | | TOTAAL | R17 000 |



**Printing & Ink CC**

Rekeningno. 0321 Datum: 17 Mei 2018 Faktuurno. CV53

Aan: Woodpecker Agents
Adres: Old Oak 16, Industria, Forestwoods

| Hoeveelheid | Beskrywing | Prys (elk) | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 10 | Fotostaatpapier | R27 | R270 |
| 15 | Blou penne | R12 | R180 |
| | | TOTAAL | R450 |

DUPLIKAATKWITANSIES

**WOODPECKER AGENTS**



Kwitansieno. 86 Datum: 02-05-2018

| | R | c |
|---|---|---|
| **Ontvang van**: O. Oak<br>**Vir:** Addisionele kapitaalbydrae<br>**Bedrag**: Seventig duisend rand alleen | 70 000 | 00 |

**Dankie** - PJ Pine

**WOODPECKER AGENTS**



Kwitansieno. 87 Datum: 22-05-2018

| | R | c |
|---|---|---|
| **Ontvang van**: W. Robe<br>**Vir:** Rekening ten volle vereffen – 5% korting toegestaan<br>**Bedrag**: Drieduisend negehonderd en twee-en-vyftig rand alleen | 3 952 | 00 |

**Dankie** - PJ Pine

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

KASREGISTERROLLE

| Datum | Nommer | Bedrag |
|---|---|---|
| 13 Mei 2018 | KRR 311 | R1 218 |
| 30 Mei 2018 | KRR 312 | R9 744 |

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE

**WOODPECKER AGENTS**



Adres: Old Oak 16, Industria,
Forestwoods
Faktuurno. WA55 Datum: 9 Mei 2018

Aan: F. Vintage Adres: French Street 14, Cherrywood

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 3 | Laaibordstoele | R450 | R1 350 |
| 2 | Laaibordkoffietafels | R550 | R1 100 |
| 1 | Laaibordrakke | R1 113 | R1 113 |
| | | **Totaal** | R3 973 |

**WOODPECKER AGENTS**



Adres: Old Oak 16, Industria,
Forestwoods
Faktuurno. WA56 Datum: 27 Mei 2018

Aan: T. Tafile Adres: Grace Road 51,
Imboyaville

| Hoeveelheid | Beskrywing | Eenheidsprys | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 4 | Bedstelle | R1 450 | R5 800 |
| 5 | Laaibordrakke | R410 | R2 050 |
| 1 stel | Hakie vir rak | R9 | R9 |
| | | **Totaal** | R 7 859 |

DUPLIKAATKREDIETNOTA

| Datum | Aantekeningno. | Besonderhede | Debiteur | Bedrag | Rede |
|---|---|---|---|---|---|
| 28/5/18 | KN 63 | Laaibordrakke x 2 | T. Tafile | R1 044 | Verkeerde grootte |

DUPLIKAATDEBIETNOTA

| Datum | Note no. | Besonderhede | Krediteur | Bedrag | Rede |
|---|---|---|---|---|---|
| 6/5/18 | DN 27 | Dubbelbedstelle - dennehout x 2 | Pallet Craft | R2 000 | Bedstelle gekrap |

Kopiereg voorbehou

TJEKTEENBLAAIE

| 01/05/2018 | | |
|---|---|---|
| Aan: Kontant | | |
| Vir: Lone | | |
| | R | C |
| Saldo | | |
| Hierdie tjek | 1 200 | 00 |
| | | No.167 |

| 9/05/2018 | | |
|---|---|---|
| Aan: World of Wood CC | | |
| Vir: Houthandelsware | | |
| | R | C |
| Saldo | | |
| Hierdie tjek | 4 120 | 00 |
| | | No. 168 |

| 18/05/2018 | | |
|---|---|---|
| Aan: Fuel Corp | | |
| Vir: Diesel – R3 270<br>Persoonlike gebruik – R960 | | |
| | R | C |
| Saldo | | |
| Hierdie tjek | 4 230 | 00 |
| | | No.169 |

| 22/05/2018 | | |
|---|---|---|
| Aan: Patio Producers | | |
| Vir: Vereffening van rekening –<br>R3 990. Korting – ? | | |
| | R | C |
| Saldo | | |
| Hierdie tjek | 3 780 | 00 |
| | | No. 170 |

| 30/05/2018 | | |
|---|---|---|
| Aan: Times Limited | | |
| Vir: Reklame | | |
| | R | C |
| Saldo | | |
| Hierdie tjek | 430 | 00 |
| | | No. 171 |

**[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 5**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Wood & Iron Bpk vir Maart 2018.

Op 1 Maart 2018 het die volgende totale in hul boeke verskyn:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bank (gunstig) | R17 860 | Verkope | R12 440 |
| Krediteurekontrole | R4 710 | Koste van verkope | R5 890 |
| Handelsvoorraad | R5 300 | Versekering | R920 |
| | | Korting ontvang | R480 |

Die volgende totale het op 31 Maart 2018 in die hulpjoernale verskyn:

**DEBITEUREJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 DJ**

| Dok. | Dag | Debiteur | Verkope | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|
| | | Totale | 11 480 | 8 200 |

**DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 DKJ**

| Dok. | Dag | Debiteur | Debiteurekortings | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|
| | | Totale | 3 794 | 2 710 |

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 KOJ**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteurekontrole | Korting toegestaan | Diverse bedrag | Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 205 | 21 420 | 15 300 | 9 830 | 330 | 285 | Rente-inkomste |

**KOTANTBETALINGSJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 KBJ**

| Bank | Handels-voorraad | Verpakking | Krediteure-kontrole | Korting ontvang | Diverse bedrag | Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10 110 | 4 130 | 440 | 5 190 | 190 | 540 | Insurance |

**KREDITEUREJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 KJ**

| Dok. | Dag | Krediteure | Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Diverse bedrag | Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Totale | 13 590 | 4 690 | 8 900 | | |

**KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 KKJ**

| Dok. | Dag | Krediteur | Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Diverse bedrag | Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Totale | 3 590 | 1 690 | 1 900 | | |

**ALGEMENE JOERNAAL VAN WOOD & IRON LTD – MAART 2018 AJ -**

| Datum | Besonderhede | Fol. | Debiet | Krediet | Debiteure-kontrole | | Krediteure-kontrole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Debiet | Krediet | Debiet | Krediet |
| | Totale | | | | | 720 | 470 | |

Gebruik die inligting hier bo om die volgende algemenegrootboekrekenings vir Wood and Iron Bpk, te voltooi. Balanseer SLEGS die algemenegrootboekrekenings wat aangedui word.

5.1 Bank (Balanseer die rekening) (6)

5.2 Handelsvoorraad (7)

5.3 Krediteurekontrole (5)

5.4 Verkope (3)

5.5 Koste van verkope (4)

5.6 Versekering (Balanseer die rekening) (3)

5.7 Korting ontvang (2)

**[30]**

## VRAAG 6

Gebruik die proefbalans hier onder wat op 30 April 2018 in die boeke van Timber Town verskyn het, om die volgende in die ANTWOORDBOEK voor te berei:

6.1 Die handelsrekening vir die jaar geëindig 30 April 2018 (3)

6.2 Die wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 30 April 2018 (11)

6.3 6.3.1 Stel die balansstaat op vir die jaar geëindig 30 April 2018. (12)

6.3.2 Toon die kapitaal in die aantekeninge by die balansstaat. (4)

Kopiereg voorbehou 

| PROEFBALANS VAN TIMBER TOWN SOOS OP 30 APRIL 2018 | | | |
|---|---|---|---|
| | **FOL.** | **DEBIET** | **KREDIET** |
| BALANSSTAATAFDELING | | | |
| Kapitaal | B1 | | 350 000 |
| Onttrekkings | B2 | 65 890 | |
| Grond en geboue | B3 | 312 500 | |
| Voertuie | B4 | 135 000 | |
| Toerusting | B5 | 90 300 | |
| Handelsvoorraad | B6 | 73 250 | |
| Debieteurekontrole | B7 | 45 950 | |
| Bank | B8 | 59 560 | |
| Kleinkas | B9 | 1 000 | |
| Los kontant | B10 | 750 | |
| Krediteurekontrole | B11 | | 16 000 |
| Lening: Bullion Bank (15%) | B12 | | 150 000 |
| NOMINALEREKENINGE-AFDELING | | | |
| Verkope | N1 | | 425 800 |
| Koste van verkope | N2 | 105 200 | |
| Debieteurekorting | N3 | 1 390 | |
| Rente-inkomste | N4 | | 1 350 |
| Rente-uitgawe | N5 | 22 500 | |
| Salarisse en lone | N6 | 45 900 | |
| Water en elektrisiteit | N7 | 8 670 | |
| Versekering | N8 | 2 400 | |
| Selfoon/telefone | N9 | 3 300 | |
| Brandstof | N10 | 4 500 | |
| Skryfbehoeftes | N11 | 1 090 | |
| Huurinkomste | N12 | | 36 000 |
| | | 979 150 | 979 150 |

**[30]**

**VRAAG 7**

Ontleed die transaksies hier onder en dui aan wat die brondokument is, die rekeningin die algemene grootboek wat gedebiteer en die rekening wat gekrediteer moet word, en die invloed op die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n toename met (+), 'n afname met (-) aan en geen uitwerking nie met (0).

VOORBEELD:

Tjek no. 320 is aan ABC Insurers uitgereik vir R425, om vir versekering te betaal.

| No. | Brondokument | Algemene grootboekrek. | | Bates | Eienaarsbelang | Laste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | | | |
| 1. | Tjekteenblad | Verskering | Bank | - 425 | - 425 | 0 |

ADDISIONELE INLIGTING

Bench Enterprises verkoop hout- en metaalbankies aan meubelwinkels. die deurlopende voorraadstelsel word gebruik en die prystoeslag op die voorraad is 60% op die kosprys.

7.1 Die onderneming het 'n voertuig op krediet by Delta Dealers vir R125 000 gekoop. (5)

7.2 Die onderneming het betaling van R985 van JP Dumi op sy rekening ontvang. (5)

7.3 Kontantverkope van R2 400 is deur die onderneming opgeteken vir goedere verkoop. Koste van verkope is R1 200. (9)

7.4 Die eienaar het sy kapitaalbydrae in die onderneming met R25 000 verhoog.

Voltooi die ontbrekende inligting in die ANTWOORDBOEK. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou